# SPORTverslag

## Kry 'n Eva vir die 29ste

Die jaarlikse Adam en Eva dag word vanjaar op Skrikkeldag gehou. En soos dinge werk op die dag moet die Eva geslag vir Adam vra om saam gholf te speel. Dinge gaan ook nie altyd klopdisselboom tussen die teenoorgesteldes die dag nie, veral as die Evas nie speel soos Adam dit wil hê nie.

Dan is daar nog die *dressup* wat ook moet plaasvind. Kom skryf in, hierdie gaan 'n dag vol lag en dalk baklei ook wees. Die liga op Harrismith het verlede naweek uitgereën en alle spanne het twee punte in die liga verdien. Dit gaan help, maar mens dink Heilbron sou liewer 'n wen wou gehad het.

Die inskrywings vir die enkel en dubbel putjiespel sluit ook vandag, as jou naam nie op is nie kan jy nie speel nie, so eenvoudig soos dit. Die nuwe HBA *monthly mugs* is ook hier en môre word daar vir Februarie se mug gespeel. Daar is ook vleispryse op die spel. Die *joker pot* staan op R6 500 en trekking word elke Vrydag op 19:00 gehou, maar jy moet daar wees om in die pot te deel. Daar sal ook Hoenderpastei vir ete te koop wees.



Heilbron • Edenville • Frankfort



Hugo Groenewald
082 569 7205
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!
www.vleissentraal.co.za
VLEISSENTRAAL
JJ Hadebestraat 97,
Frankfort, 9830
Sel: 082 569 7205
Kantoor: 058 813 1067

Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685

## Modder en water was die wenner!!

Na ongeveer 60mm was die 19de Vegkop Rally definitief die natste rally nog. Die motorfietsroete was hierdie jaar langer as die vorige 2 jaar wat die deelnemers baie waardeer het. Sommiges het die natter toestande meer geniet, terwyl ander die stof verkies.

Die boere wat die dag bygewoon het, het die dag met goeie gees aangepak en alhoewel die reën die inskrywings beïnvloed het, is almal dankbaar vir die reën wat geval het. Diegene wat die dag trotseer het, kon nadat dit oopgetrek het laatmiddag op die ou 4x4 baan in die modder speel. Dié wat wel die baan gery het, het verseker nat en vuil by die einde gekom.

Ongeag die weer - was die algemene terugvoer van die rally beter as laasjaar.

Groot dankbaarheid word getoon vir die organiseerders, die Vegkopterrein en al die borge, uitstallers en deelnemers.



### JAARPROGRAM : 2020
### RIEMLAND JAGTERSVERENIGING

| DATUM | BESONDERHEDE | TYD |
|---|---|---|
| 15 FEBRUARIE | .22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET | 10:00 |
| 7 MAART | SKIET-OEFENING | 09:00 |
| 14 MAART | .22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET | 10:00 |
| 18 APRIL | RIEMLAND OPE PRYSSKIET | 09:00 |
| 24-27 APRIL | HUNTEX | |
| 23 MEI | CHASA KWALIFISERING / VERBETERING | 09:00 |
| 30 MEI | BLOEMFONTEIN-INTERTAK SPORTSKIET | |
| 6 JUNIE | .22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET | 10:00 |
| 25 JULIE | OVER UNDER SPANSKIET | 09:00 |
| 15 AUGUSTUS | .22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET | 10:00 |
| 29 AUGUSTUS | BOSVELD-OEFENING | 09:00 |
| 5 SEPTEMBER | JEUGSKIETDAG | 09:00 |
| 26 SEPTEMBER | INTERTAK SPORTSKIET : BLOEMFONTEIN | |
| 3 OKTOBER | GROEPERING-SKIET | 09:00 |
| 3 OKTOBER | TROFEE-MEET | 09:00 |
| 17 OKTOBER | .22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET | 10:00 |
| 6 NOVEMBER | JAARVERGADERING : RIEMLAND TAK | 18:30 |
| 21 NOVEMBER | "D-DAG" INDIEN VAN TOEGEWYDE JAGTER STATUS | |
| 31 DESEMBER | LEDEGELDE VIR 2021 MOET NOU BETAAL WORD | |

